**Lewende etiese raamwerke nodig om Suider-Afrika se waterbronne te bestuur**

**Deur Leanne Seeliger***

Verlede maand is ʼn kontrakteur uit die werksaamhede van die Lesotho-hooglandprojek geskors toe berig is dat hulle suur en olierige water in nabygeleë riviere en die Katse-reservoir gestort het. Dié reservoir voorsien drinkwater aan Suid-Afrika.

Hierdie voorval in die Oranje-Senqu-rivierkom is nie geïsoleerd nie.

In Maart het sosialemediaplatforms berig dat ʼn kopermyn in Noord-Zambië miljoene liters suur en hoogs giftige afval in die Kafue-rivierekosisteem, ʼn belangrike Zambiese tak van die Zambezi-rivierkom, gestort het.

In April het die Zimbabwiese media berig oor ʼn langdurige besoedelingsprobleem in die Deka-rivier, nog ʼn sytak van die Zambezi-rivierkom. Dorpsbewoners stroomaf het na bewering weens besoedelde water gesterf wat van kragstasies en steenkoolmyne afkomstig is.

Ons kan die besoedeling en die uitwerking daarvan op gewasse en mense bestudeer, kontrakteurs skors en mynmaatskappye beboet – maar dit is te min, te laat vir diegene wie se lewe en bestaan reeds deur sulke voorvalle verwoes is.

Voorts kan ons dit nie bekostig om ʼn benadering van "nie-in-my-agterplaas nie" te volg en waterbestuurskwessies in ons eie land of buurlande te ignoreer omdat dit ons nie regstreeks raak nie. Dit sal ons voedselsekerheid en landbouhandel op lang termyn beïnvloed.

Etiese protokolle en waaksame monitering deur onafhanklike transnasionale owerhede moet in plek wees om sulke voorvalle te voorkom – veral in riviere wat as direkte bronne van drinkwater vir kwesbare gemeenskappe dien. Dit is iets waaroor ons moet besin terwyl ons Wêreldomgewingsdag op 5 Junie vier.

As ons aanhou om net korttermyn- ekonomiese benaderings tot waterbestuur in Afrika te volg wat die belange van groot mynmaatskappye bo die behoeftes van die kwesbaarste gemeenskappe stel, kan ons nie die bestuur van die vasteland se riviere as eties bestempel nie.

Die etiese dilemmas wat rondom waterbestuur ontstaan – beide tussen lande en tussen ryk en arm mense binne lande – bring die werklike kompleksiteit van waterbestuur oor grense heen na vore. Die bestuur van hierdie dilemmas vereis ʼn multidissiplinêre benadering wat beraadslaging oor waardes en beginsels insluit, asook oor die ekonomiese gewin wat die interaksie tussen verskillende lande oor waterbestuur bepaal.

Gelukkig word ons in Suider-Afrika as leiers in oorgrens-waterbestuur beskou. Trouens, Suider-Afrikaanse watergebruik-diplomasie is verlede jaar by die Kaïro-waterweek as navolgenswaardig bestempel. Politici wat betrokke was by die Afrika-Renaissance-damdebatte by die konferensie, het lande van die Suide raad gevra oor hoe hulle dit reggekry het om sulke hoë vertrouensvlakke met betrekking tot oorgrens-waterbestuur te vestig.

En met goeie rede. In die bestuursprotokolle van die Oranje-Senqu-rivierkommissie (Orasecom), wat waterbronne beheer wat deur Suid-Afrika, Namibië, Lesotho en Botswana gedeel word, word die beginsels van universele deelname, samewerkende regering, billikheid, vreedsame geskilbeslegting, kommunikasie en omgewingsbeskerming byvoorbeeld gehandhaaf.

Insgelyks bevorder die Zambezi-rivierkommissie (Zamcom), wat waterbronne beheer wat deur Zambië, Zimbabwe, Angola, Namibië, Malawi, Tanzanië en Mosambiek gedeel word, die samewerkende bestuur en ontwikkeling van die Zambezi-waterloop op ʼn billike, doeltreffende en volhoubare manier.

Ofskoon die toewyding van hierdie organisasies of die mylpale wat met hulle samestelling bereik is, nie betwis word nie, is die afdwing van hierdie beginsels van oorgrens-waterbestuur ingewikkeld in die praktyk. Interpretasies van billike verspreiding van waterregte – beide binne en tussen lande – wissel byvoorbeeld na gelang van bevolkingsgroottes, die hoeveelheid en tipes nywerhede wat bedryf word, asook ontwikkelings wat beplan word.

Dit is waarom die transdissiplinêre Acewater 3-navorsingsprogram – wat deur die Europese Unie en die Afrika-unie (AU) ondersteun word en Sentrums vir Wateruitnemendheid regoor Afrika van vakgebiede so uiteenlopend soos ingenieurswese, hidrologie en filosofie betrek – ʼn etiese navorsingsprojek aangepak het wat ten doel het om hierdie organisasies te help om die beginsels en waardes van waterbestuur te handhaaf.

Dié projek, getiteld Modellering van Etiese Raamwerke vir Oorgrens-waterhulpbronbestuur in Afrika, het ʼn dialoog tussen die AU, oorgrens-waterliggame, nasionale regerings en die Acewater 3-navorsers ten doel. Dit fokus hoofsaaklik op die Orange-Senqu- en Zambezi-komme, maar sal ook die etiese raamwerke in Oos-, Wes- en Noord-Afrika insluit om meer insigte te bekom.

ʼn Etiese raamwerk is ʼn lewende dokument wat die waardes vir die verbetering van waterbestuur in oorgrens- waterliggame bespreek en prioritiseer. Dit vereis voortdurende hersiening, verfyning en soms selfs transformasie deur partye soos wat nuwe etiese uitdagings ontstaan en kontekste verander. Dit is nie ʼn bloudruk vir alle tye nie, maar ʼn voortdurende werk in wording deur al die betrokke lande.

Die navorsers onderneem tans ʼn historiese evaluering van die sleutel- etiese besluite wat in oorgrens-waterbestuur van die Oranje-Senqu- en Zambezirivierkomme geneem is. Dit behels onderhoude met sleutel-rolspelers in die totstandbrenging van die Orasecom- en Zamcom-instellings, asook in besluitnemingsprosesse oor die afgelope paar dekades.

Hulle sal ook nuwe etiese raamwerke saam met rolspelers skep om te kyk hoe die uitdagings en geleenthede wat weens die etiese dilemmas van die verlede geïdentifiseer is, in die toekoms beter opgelos kan word.

Die projek sal afsluit met onderhoude met die belangrikste besluitnemers oor waterbestuur in die Ministeries van Water in die Orange-Senqu- en Zambezi-rivierkomme en ʼn konferensie waartydens die lewensvatbaarheid van hierdie nuwe etiese raamwerke oorweeg sal word.

Afrika word meer kwesbaar vir watergeskille met besoedelingsvoorvalle wat toeneem en klimaatsverandering wat waterbronne waarskynlik verder sal beperk. Dit is waarom Afrika-lande hulle etiese raamwerke die fokus van interaksies tussen hulle moet maak om konflik en ongeregtigheid te vermy.

*** Dr Leanne Seeliger is ʼn navorser by die Eenheid vir Omgewingsetiek en die Waterinstituut aan die Universiteit Stellenbosch.**